Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

SENIOR FASE

GRAAD 9

NOVEMBER 2016

SKEPPENDE KUNSTE

PUNTE: **100**

TYD: **2 uur**

9KUNS

Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye, insluitende twee aanhegsels en manuskrippapier.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die instruksies deeglik deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Beantwoord SLEGS TWEE AFDELINGS uit die VIER AFDELINGS. Kies TWEE afdelings wat pas by die kunste wat jy bestudeer het.

	KUNSVORM	VRAE	BLADSY
AFDELING A	DANS	1–5	3–7
AFDELING B	DRAMA	6–8	8–12
AFDELING C	MUSIEK	9–14	13–17
AFDELING D	VISUELE KUNSTE	15–18	18–21

2. Nommer elke antwoord presies soos die vrae genommer is.

3. Skryf NETJIES en LEESBAAR.

4. Alle antwoorde moet op die ANTWOORDBLAD geskryf word en NIE op die vraestel NIE, behalwe waar anders aangedui.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: DANS

VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Kies die korrekte antwoorde vir elkeen vanuit die gegewe antwoorde hieronder. Skryf slegs die letter (A–D) van die antwoord (1.1–1.5) langs die nommer van die vraag, bv. 1.6 E.

1.1 Lokomotoriese bewegings is bewegings wat …

A bydra dat danse identifiseer kan word.
B die liggaam toelaat om van een plek na die ander te beweeg.
C streng toegepas word sonder om vrae te vrae.
D om die ruggraat rond te maak en te verleng. (1)

1.2 Domba dans is ook bekend as die …

A slangdans.
B torso.
C danskonvensie.
D Soweto-dans. (1)

1.3 Kanon in dans is wanneer …

A net een maat geblinddoek is.
B een danser ŉ beweging begin, wat herhaal word deur die ander dansers, een na die ander.
C daar ŉ begin en ŉ einde in die dans sekwens is.
D die dansers in stadige beweging spring, sonder om te hoog te spring. (1)

1.4 Wanneer strek jy veilig?

A Wanneer jy musiek hoor.
B Wanneer jy saam met ŉ maat dans.
C Wanneer jou spiere warm is.
D Wanneer die onderwyser sê jy moet. (1)

1.5 In ŉ balletdans wanneer die bene teen mekaar vryf is dit …

A stilte.
B ligament.
C adage.
D tendus. (1)

[5]

VRAAG 2

Paar die verduidelikings in KOLOM B met die korrekte terme in KOLOM A.

	KOLOM A		KOLOM B
2.1	Xibelani-dans	A	Swart mynwerkers van SA
2.2	Ballet	B	"Townships" van SA in die 1950's
2.3	Steweldans	C	Suid-Basotho vroue
2.4	Pantsula	D	Tsonga
2.5	Makgibo	E	Rond de Jambe

(5 x 1) **[5]**

VRAAG 3

Verduidelik die volgende dansverhoudings:

3.1 Vraag en antwoord (2)

3.2 Oordrag en ontvangs van gewig (2)

3.3 Negatiewe spasie (2)

3.4 Blinddoek en lei (2)

3.5 Ontmoet en skei (2)

[10]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik wat bedoel word met 'n *natuurlike gebaar*. (2)

4.2 Verskaf VYF voorbeelde van natuurlike gebare. (5)

4.3 Met die voorbeelde van natuurlike gebare wat in VRAAG 4.2 verskaf is, skryf 'n bewegingsekwens wat op gebare gebaseer is.

Jou sekwens moet die volgende bevat:

4.3.1 Begin en einde (2)

4.3.2 Variasie van natuurlike gebare (2)

4.3.3 Stilte (2)

4.3.4 Herhaling (2)

4.3.5 Danselemente (2)

[17]

VRAAG 5

MAMELA NYAMZA: DIE LIGGAAM AS INSTRUMENT

Mamela Nyamza is ŉ danser, onderwyseres, choreograaf en aktivis in Suid-Afrika. Sy is opgelei in ŉ verskeidenheid dansstyle insluitend ballet, moderne dans, Afrika dans, die Hortontegniek, Spaanse dans, jazz, beweging en mimeer, laagvlieg-tegniek, verlostegniek, steweldans en Butoh. Nyamza is bekend vir die samesmelting van dansstyle wat tradisionele standaarde uitdaag. Nyamza het opgetree op beide nasionale sowel as internasionale vlak en het politieke en outobiografiese en sosiale werke choreografeer, op haar eie en in samewerking met ander kunstenaars. Sy is geïnspireer deur daaglikse gebeure asook haar identiteit as jong, swart vrou.

Vroeë Lewe

Mamela Nyamza is in 1976 gebore. Sy het ŉ groot familie was woonagtig was in Gugulethu, Kaapstad, Suid-Afrika. Haar vroeër jare in Gugulethu het ŉ groot invloed op Nyamza's se loopbaan as danser gehad. Sy verduidelik dat die omgewing waar sy gewoon het, "het haar geen ander keuse gegee as om lief te wees vir dans nie. Daar was musiek en klank, die hele dag lank, en selfs in die strate het die lawaai musiek geword." Dans het ŉ manier geword om die wêreld om haar te verstaan, "Ek het my liggaam gebruik as ŉ instrument om te reageer op alle tipes klank, soos speel, huil of om dinge te sien of te verbeel wat in Gugulethu in die '80's gebeur het."

Van kindsbeen het Nyamza aangehou dans as ŉ manier om te vertolk en te verwerk en om die gebeurtenisse om haar te aanvaar. Toe haar moeder in 1999verkrag en vermoor is, het dans haar die innerlike krag gegee om die slegte ervaring te hanteer. Boonop het haar ma se dood grootliks bygedra tot haar abstrakte dansstyl. "Na my ma se dood, kon ek haar in my drome voel en hoor hoe sy my aanmoedig om my dans te gebruik om stories te vertel. Ek het later uit die kas geklim en baie diskriminasie in die gemeenskap ervaar. Toe dink ek, 'Ek is ŉ kunstenaar, so ek moet my stem gebruik om hierdie vraagstukke aan te spreek.'".

Gemeenskapuitreikprojekte en Vrywillige Diens

Nyamza glo dat ander ook dans kan gebruik om hulself te genees deur hul ervarings te gebruik wat te moeilik is om in woorde om te skep. Dit is hierdie geloof wat haar gemotiveer het om verskeie vrywillige en gemeenskap projekte aan te pak – insluitende balletklasse in Mamelodi, vrywillige werk by Thembalethu Dagskool vir die gestremdes en die begin van ŉ projek by die Universiteit van Stellenbosch wat dan terapie gebruik om ander op te voed oor vraagstukke soos MIV/Vigs, huislike geweld, en dwelmmisbruik. Nyamza is een voorbeeld van die positiewe invloed hierdie projekte het op ander mense se lewens. "Kuns het my ontwikkel en ŉ heel ander boek vir my oopgemaak om die onmoontlike wat nou moontlik is, te ondersoek … Om terug te gee aan die gemeenskap is om mense te help van waar ek kom en om vir hulle te wys dat hierdie kuns … kan baie van hulle genees wat met dieselfde vraagstukke soos ek worstel."

Opvoeding

Mamela Nyamza het haar opleiding as danser begin by die Zama Dansskool onder leiding van die 'Royal Academy of Dance'. Sy het haar dansopleiding voortgesit by die Pretoria Dans Technikon waar sy die Nasionale Diploma in Ballet verwerf het. In 1998 het Nyamza 'n beurs ontvang wat haar die geleentheid gebied het om dans by die toonaangewende 'Alvin Ailey Dance Theatre' voort te sit. Toe sy gradueer, het sy by die Staatsteater Dans Geselskap aangesluit. Daar het sy opvoerings op nasionale en internasionale vlak gedoen. Boonop het sy intensiewe werkswinkels en klasse bygewoon insluitende 'n choreografiese werkswinkel by die Vienna Internasionale Dans Fees, ballet onderrig by Martin Schonberg deur die 'Pact' Dans Geselskap, Afrika Danswerkswinkels in Soweto met Jamaine Acogny, en 'n kursus in dans deur Londen se besonderse Sadler's Wells Teater.

Loopbaan

Tot dusver in haar dansloopbaan, het Nyamza die rol van danser, choreograaf, en onderwyser gehad. Vroeg in haar loopbaan het sy in verskeie groot internasionale produksies opgetree, insluitend, "*The Lion King*" in Den Haag, Nederland in 2004, *"We Will Rock You"* in Suid-Afrika in 2006 "Africa", en "*African Footprints"*.

Sedert 2006, het Nyamza hoofsaaklik gefokus op haar eie choreografie, wat handel oor belangrike politiese en sosiale vraagstukke in hedendaagse Suid-Afrika. Een van Nyamza se mees bekende choreografiese stukke is "*Hatch"*. "*Hatch"* is in 2008 choreografeer, en is sedertdien in die "Out The Box"-Fees, die Baxter Dansfees-Festival, en by die Wêreld Bevolkingstigting.. Nyamza het ook informele ateljee opvoerings van "Hatch" in Brasilië en Vienna gehou asook by 'n paar skole in die Oos-Kaap, Durban en Kaapstad sowel as by die Suid-Afrikaanse konferensie in Johannesburg oor Huishoudelike Geweld. Sy het ook by verskeie hawes vir mishandelde vroue in die Nederland en in Suid-Afrika opgetree.

In 2009 is Nyamza gekies as die Suid-Afrikaanse verteenwoordiger om na Los, Angeles, Verenigde State te reis en om in agt lande te kompeteer op ses vastelande, in *"Superstars of Dance"* – 'n program op NBC televisie netwerk. Daar het sy 'n tradisionele item gelewer, met die titel, "Afro-fusion". Dit het die storie vertel van 'n vrou wat diep gefrustreerd was met haar huwelik en lewe. Alhoewel sy nie gewen het nie, het die beoordelaars so baie van haar werk gehou dat hulle vir haar 58 punte gegee het. Sy is ook die choreograaf van die televisie program "So You Think You Can Dance" in 2008.

In 2011 is Nyamza geëer met die Standard Bank se Jong Kunstenaar Toekenning. Nyamza het haar werk by die 2011 Nasionale Kunstefees in Suid-Afrika, vertoon. Daar het sy die stukke *Isingqala* en *Amafongkong*, opgevoer, wat 'n solowerk van Nyamza was en wat ook 'n samewerking was met die Adugna Dans Teater Geselskap van Ethiopië.

Nyamza sê dat sy met *Amafongkong* 'n spasie wou oopmaak om die idee van "samewerking" te ondersoek deur te sien hoe "verskillende en eenderse liggame ontmoet in beweging". Mamela Nyamza het saamgewerk met Mojisola Adebayo, wie in Brittanje woon, om "*I Stand Corrected"* te skep. Hierdie kragtige werk adresseer kwessies soos homofobie en verkragting. Nyamza beskryf dit as 'n "donker vreemde, geestige en absurde werkstuk". In hierdie werk is Nyamza vermoor omdat sy lesbies is en sy keer terug om haarself "reg te maak". Hierdie stuk het sy eerste opvoering in Suid-Afrika gehad en het vir drie suksesvolle weke by die Ovalhouse in Londen, vertoon, waar dit vol sale en fantastiese resensies geniet het. Boonop, het "*I Stand Corrected"* onlangs ses "Off West End" teaternominasies in Londen gekry.

"I Stand Corrected" is ook by die Soweto Teater in Suid-Afrika opgevoer. Dit was 'n groot mylpyl vir Nyamza, omdat dit baie moeilik was vir haar om 'n plek te kry in nasionale teaters. "Ek het in Soweto opgetree, dus is ek 'n baie trotse kunstenaar". Om fondse van Suid-Afrika te kry was moeilik. . "Dit is treurig dat ons so moet sukkel vir geld in ons eie land, terwyl die buitelanders ons net nooi sonder dat ons aansoek moet doen vir geld".

Ten spyte van al die struikelblokke , floreer Mamela Nyamza. In Maart 2013 het sy opgetree by "Infecting the City" in Kaapstad, Suid-Afrika.. Hierdie projek "plaas nuwe opwindende kunswerke in ongewone spasies in Kaapstad (om) Kaapstad se idee van kuns in publieke spasies uit te daag". Nyamza is baie opgewonde oor haar toekomsplanne en om aan te hou om Afrika stories en ervaringe te deel met die res van die wêreld so lank as wat sy kan.

Bronne: http://www.southafrica.info/about/arts/mamela-nyamza.htm#.Vf1UEt-qqko#ixzz3mBdtkCfw; http://www.southafrica.info/about/arts/mamela-nyamza.htm#.Vf1UEt-qqko

5.1 Verduidelik in EEN sin wie Mamela Nyamza is. (1)

5.2 In watter provinsie is sy gebore? (1)

5.3 Noem TWEE dansstyle waarin sy opgelei is. (2)

5.4 Nyamza het uitdagings in haar lewe gehad. Hoe het sy hulle verminder? (1)

5.5 Nyamza se ma is in 1999 verkrag en vermoor. Wat sou jy as kunstenaar doen om die misdaadsyfers in jou gebied te verminder? (3 x 1) (3)

5.6 In 2004 het Nyamza 'n groot internasionale opvoering gehad. Noem die plek asook die musiekblyspel waarin sy opgetree het. (2)

5.7 Watter loopbaan het Nyamza gevolg? (1)

5.8 As 'n leerder, watter kunsloopbaan sou jy volg, en hoekom? (2)

[13]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: DRAMA

VRAAG 6: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Kies die korrekte antwoorde vir elkeen vanuit die gegewe antwoorde hieronder. Skryf slegs die letter (A–D) van die antwoord (6.1–6.10) langs die nommer van die vraag, bv. 6.11 E.

6.1 Die kernmoment in die aksie van die intrige en die punt van die meeste spanning in die storie.

A Konflik
B Klimaks
C Dialoog
D Intrige (1)

6.2 In ʼn ... , hoor slegs die gehoor die private gedagtes van die karakters.

A komedie
B tragedie
C alleenspraak
D monoloog (1)

6.3 Die gehoor sit oorkant mekaar, met ʼn gang in die middel waar die aksie plaasvind in ʼn … verhoog.

A proscenium
B gang
C arena
D oop (1)

6.4 … is die fisiese beweging van die karakter gedurende ʼn drama.

A Poseer
B Gebaar
C Oogwink
D Al die bogenoemdes (1)

6.5 Artikels of voorwerpe wat op die verhoog verskyn gedurende die opvoering is …

A karakters.
B simbole.
C rekwisiete.
D geeneen van bogenoemdes. (1)

6.6 Maskers word oor die gesig of gedeeltes van die gesig van ʼn akteur gedra om …

A gesigskenmerke te beklemtoon of te neutraliseer.
B die akteur se grimering te beskerm.
C die akteur se letsels te bedek.
D spanning te skep. (1)

6.7 ʼn Toneel wat in stilte en sonder beweging plaasvind en ʼn prent vorm is ʼn …

A styl.
B tableau.
C repeteer.
D melodrama. (1)

6.8 Die uitspraak van woorde, keuse van woorde, en die manier hoe iemand hom-/haarself uitbeeld is …

A artikulasie.
B diksie.
C tempo.
D Al die bogenoemde (1)

6.9 Konsentrasie en fokus help die opvoerder om …

A te interpreteer en in die rol bly.
B vryelik op die verhoog te beweeg.
C mooi vir die gehoor te sing.
D sy/haar kostuums te wys. (1)

6.10 is iemand wat na die hele proses van die produksie van die toneelstuk na omsien.

A Draaiboekskrywer
B Regisseur
C Hoofkarakter
D Musiekbestuurder (1)

[10]

VRAAG 7

7.1 Identifiseer die verhoogtipe en verduidelik hoe die opvoering in vergelyking met die gehoor in elk van die vier onderstaande diagramme plaasvind.

A



B



C



D



AFRIKAANS / **ENGELS**
Verhoog / **Stage**
Gehoor / **Audience**
Voorstel / **Apron**

(4 x 2) (8)

7.2 Gee die betekenis van die volgende terme:

7.2.1 Agterdoek (2)

7.2.2 Artikulasie (2)

7.2.3 Resonansie (2)

7.3 ’n Dramatiese Produksie mag bestaan uit ’n paar elemente wat mekaar ondersteun om konteks te skep.

Verduidelik die rol van elk van die volgende:

7.3.1 Beligting (1)

7.3.2 Klank (1)

7.3.3 Stel/rekwisiete (1)

7.3.4 Kostuum (1)

7.3.5 **Regisseur** (1)

7.4 Verskaf ten minste VYF positiewe aspekte van die massamedia. (5)

7.5 Bespreek die rolprent wat jy gesien het om die volgende drama-elemente te verduidelik. Jou bespreking moet die volgende insluit:

- Karakters en hul rolle (identifiseer enige twee karakters)
- Fisikaliteit in vergelyking met party van die tonele van die storie
- Stem en spraak (3 x 2) (6)

[30]

VRAAG 8

Suid-Afrikaanse Rolprent en Drama

Die rolprentbedryf in Suid-Afrika was altyd mededingend. Daar is so baie talent en ambisie onder die Suid-Afrikaners om te presteer in die kunste. Dit help dat die Suid-Afrikaanse staat die rolprentbedryf 100% ondersteun en dat die staat die potensiaal sien dat ons bedryf internasionaal kan kompeteer.

Dit was in 1995 dat die internasionale rolprent bedryf Suid-Afrika as ŉ moontlike bestemming begin beskou het. Dit was na die suksesvolle en vry verkiesings van 1994 en die instelling van meer gelyke geleenthede ongeag ras of vel kleur. Op daardie stadium het die rolprent bedryf ŉ skarige 4 000 werkers gehad. Vandag is daar meer as 30 000 ambagsmanne en professionele mense wat in die bedryf werk aan rolprente sowel as drama produksies. Volgens die Departement van Handel en Industrie in Suid-Afrika, maak die rolprent bedryf meer as R5,8 miljard jaarliks, van rolprente, en TV, terwyl die vermaaklikheidsbedryf se waarde op R7,4 miljard geskat is.

Huidiglik geniet Suid-Afrika rolprent ooreenkomste met 4 lande: Italië, Kanada, GB, en Duitsland. Dit is meer soos ŉ vervaardigings ooreenkoms vir rolprent en TV wat bydrae tot die deling van krediete sodat rolprent maatskappye internasionale erkenning kan kry asook finansiële hulp van albei lande.

Daar is baie rolprentvervaardigers wat Suid-Afrika kies as die bestemming vir hul projekte. Nie alleen is daar unieke lokasies nie, produksiekoste is ook laag, die weer is voorspelbaar en die wisselkoers is aantreklik. Kortliks, is dit veel goedkoper om rolprente in Suid-Afrika te skiet as in VSA, Europa, of Australië. Die eerste Suid-Afrikaanse rolprent was “African Mirror” in 1913. Dit was ŉ nuus rol wat tot die 1980’s uitgesaai is. Die eerste vollengte fliek was, “The Kimberly Diamond Robbery” verfilm in 1910. Dit word as ŉ tydlose stuk rolprentmemorabilia beskou. Dit is eers na 1994 dat daar meer rolprente in Suid-Afrika vervaardig is en ons eie stories vertel is.

Aan die begin van die demokratiese era, is baie rolprente gemaak wat handel oor apartheid en toe die MIV-virus.. Mettertyd het Suid-Afrika vorentoe beweeg en beter stories begin vertel. Een van hulle is – *Tsotsi* – wat ŉ Akademie Toekenning in 2006 vir Rolprent van Beste Buitelandse Taal ontvang het.

Ander Suid-Afrikaanse rolprente wat toekennings gewen het is:

- Yesterday wat ŉ Oskarnominasie gekry het; dit vertel die storie van ŉ moeder met MIV
- *U Carmen EKhayelitsha* wat ŉ rolprent is wat in 2005 die "Berlin Golden Bear"-toekenning gekry het
- Blood Diamond" met Leonardo DiCaprio in die hoofrol
- Lord of War met Nicholas Cage in die hoofrol

Die staat het ook bepaal dat uitsaaiers plaaslike inhoud op hul TV-netwerke moet gebruik. Daar is dus ŉ daaglikse dosis van Suid-Afrikaanse drama reeks, sepies, wat plaaslik geproduseer en direkteur is met plaaslike talent. Dit is volgens Eddie Mbalo, die Hoof Uitvoerende Beampte van die Nasionale Rolprent en Video Stigting.

8.1 Wat was die naam van die eerste Suid-Afrikaanse rolprent en wanneer is dit uitgesaai? (2)

8.2 Volgens die verslag van die Handel en Industrie Departement, hoeveel geld word jaarliks deur die Suid-Afrikaanse rolprentbedryf verdien? (2)

8.3 Noem ten minste DRIE rolprente wat na demokrasie in Suid-Afrika ontwikkel is. (3)

8.4 Gee DRIE redes wat Suid-Afrika vir buitelandse rolprentmakers aantreklik maak. (3)

[10]

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C: MUSIEK

VRAAG 9: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Kies die korrekte antwoorde vir elkeen vanuit die gegewe antwoorde hieronder. Skryf slegs die letter (A–D) van die antwoord (9.1–9.5) langs die nommer van die vraag, bv. 9.6 E.

9.1 ŉ Groot groep instrumentele spelers wat verskillende instrumente speel, insluitende strykers, slaginstrumente, houtblaas en koperblaas is ŉ …

A koor.
B simfonie.
C orkes.
D strykkwartet. (1)

9.2 In musiek beteken "*a tempo*" …

A taamlik vinnig.
B geleidelik harder.
C teen dieselfde spoed as van te vore
D lopend. (1)

9.3 Viole, violas, tjello's, kontrabasse is die voorbeeld van …

A houtblaasinstrumente.
B strykinstrumente.
C slaginstrumente.
D koperblaasinstrumente. (1)

9.4 ŉ Musiekdrama is ŉ …

A area.
B drama.
C virtuose.
D opera. (1)

9.5 Wanneer die hoofsanger ŉ lyn sing en die koor antwoord, word dit … genoem.

A roep en antwoord
B polifonies
C koor
D melismatiese melodie (1)

[5]

VRAAG 10

Kies slegs EEN word uit die onderstaande lys wat elke stelling pas.

Reggae, Dirigent, Lirieke, Solo, Drieklank

10.1 Die komposisie waar iemand alleen sing of speel (1)

10.2 Hierdie styl musiek het sy oorsprong in Jamaika (1)

10.3 ŉ Drie-noot akkoord (1)

10.4 Woorde van ŉ liedjie (1)

10.5 ŉ Musikant wat toesig hou oor ŉ koor of orkes (1)
[5]

Gebruik AANHEGSEL A om **VRAE 11**, **12** en **13** te beantwoord. Plaas AANHEGSEL A in jou ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 11

11.1 Skryf die korrekte tydsoortteken vir die onderstaande toonsoorte.



(5 x 1) (5)

11.2 Skryf Bb majeur in ŉ afwaartse rigting in die bassleutel. Maak gebruik van die gegewe ritme. Vul in die fraseboë sowel as die toevallige tekens waar nodig.



(2 x 2) (4)
[9]

VRAAG 12

12.1 Transkribeer die volgende melodie van balknotasie na tonika-solfa.



(8)

12.2 Noem die toonaard vir bogenoemde. (2)

[10]

VRAAG 13

Verskaf die nommer van elk van die harmoniese intervalle. Die laagste noot is die tonika. (Die eerste antwoord word as ʼn voorbeeld gegee.)



(5 x 2) **[10]**

VRAAG 14

Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae wat volg.

Siphokazi Maraqana

(Agtergrond: Siphokazi Maraqana, Afro-Soul Musiek kunstenaar; sy is in Lusikisiki in die Oos Kaap, Suid-Afrika, gebore, waar sy die laerskool Kwa-Zizamele bygewoon het. Daarna is sy na Toli Senior Sekondêre Skool. Sy is toe na Johannesburg in 1999 waar sy by die Sibikwa Gemeenskap Kunssentrum ingeskryf het. In 2000, het sy ʼn beurs van die Nasionale Kunsraad ontvang. Dit het haar toegelaat om by die Sentrale Johannesburg Kollege in te skryf, waar sy haar diploma in Musiek Tegnologie verwerf het. Dit het die musiek binne haar wakker gemaak en sy het later ʼn huishoudelike naam geword.

Siphokazi is die hoof verkopende en opvoerende kunstenaar in Suid-Afrika. Sy eht al die verhoog gedeel met vername plaaslike en internasionale kunstenaars, insluitende Chaka Khan, Oletta Adams, In die Arie, Gladys Nights, Tania Maria, Puff Johnson, Kirk Franklin, Hugh Masekela, Busi Mhlongo, Caiphus en Letta Mbulu, Stimela, Judith Sephuma, Gloria Bosman, Busi Mhlongo, Sibongile Khumalo, Jonas Gwangwa, Simphiwe Dana, Lira, Zamajobe, Angelique Kidjo, om net ʼn paar te noem. Die album van hierdie Afro-soul sangvoël is bewys van iemand wat ʼn lang pad geloop het, letterlik en figuurlik, om haar regtelike plek te eien as een van die wêreld se beste sangeresse.

Haar eerste paar albums sluit in 2006 se Ubuntu Bam, en 2008 se Ndinovuyo – Siphokazi se 2010 album 'Ethembeni' is diep gewortel in Afro-Trad musiek stilerings. Van dit het hul oorsprong in Siphokazi's diep-gewortelde spiritualiteit. Soos sy dit self stel , "Ek gee al die glorie vir die Here van my lewe, God – en dank Hom vir sy grootse aanhoudende mag en die krag wat Hy my skenk om vorentoe te beweeg.")

Twee minute met Siphokazi Maraqana
Sanger Siphokazi Maraqana, wat die SAMA toekenning verwerf het, het met *DRUM* gepraat oor musiek, getroude lewe en om 'n ma te wees.

Wat doen jy huidiglik?
Ek is besig om met my 4de studio album. Ek het so pas 'n enkel liedjie vrygestel, "*Love Too Deep*".

Daar was onlangs media berigte dat jy uit Joburg getrek het …
Rêrig? Ek het nie van Joburg verhuis nie. Ek is nog steeds hier. Sedert 1999 toe ek hier gekom het is ek nooit weer terug na my huis in die Oos-Kaap nie. Ek kuier wel daar, maar dit is al.

Hoe is die getroude lewe? Jy is nou 3 jaar getroud?
Dit is 'n skool, maar 'n goeie skool. Ek sien uit vir wat God vir my gaan gee vir hierdie skool van getroude lewe. Ons het ons uitdagings soos enige paartjie maar ons nooi God in sulke situasies en ons vertrou dat God ons saam sal hou.

Wat het jy nie van die getroude lewe verwag nie? DInge wat jy nie gedink sou gebeur nie?
Ek het geweet ek sou kinders hê, maar ek is verras hoe my lewe verander het. Een oomblik was ek Siphokazi alleen met my man en toe moet ek aanpas as moeder. Dit het gekom met baie kompromie en opofferings waarvoor ek nie aan die begin bereid was nie.

Nog 'n ding, is om my man te leer ken. Ek leer letterlik elke dag iets nuuts van hom sedert ons getroud is. Ek is nog verras met van die dinge wat ek oor hom uitvind en dit maak my bewus dat dit 'n leeftyd neem om enigeen te leer ken.

Wat dink jy doen jy reg om so lank in die musiekbedryf te wees?
Ek is nog altyd myself. Dit het my gehelp. Ek het uitdagings met mense wat sê ek is te landelik …

Dink jy jy is landelik?
Ja, ek is landelik en ek hou daarvan. Mense wou hê ek moes verander maar ek het nie. Ek het selfs 'n tyd deurgemaak toe mense my skel toe ek "dankies" van 'n blaai lees toe ek toekennings ontvang het. Ek het gedink dit is laf, omdat ek al groot buitelandse sterre dit sien doen.

Kopiereg voorbehou

Wat wil jy hê moet jou nalatenskap wees …
Ek wil ŉ nalatenskap van liefde deur my musiek agterlaat. Liefde in al sy vorms, van die liefde vir God, vriendskaplike liefde, tot romantiese liefde. Ek glo in die liefde en ek neem dit nie as vanselfsprekend nie. Ons as mense moet mekaar meer liefhê.

(Aangepas vanaf http://drum.co.za/celebs/two-minutes-with-siphokazi-maraqana/and http://www.entertainment-online.co.za/siphokazi.htm)

14.1 Verskaf die naam van die album wat Siphokazi in 2006 vrygestel het. (1)

14.2 Wat is ŉ solokunstenaar? (1)

14.3 Noem DRIE beste toekennings wat Siphokazi in die 8ste metro toekennings verower het. (3)

14.4 Noem TWEE kunstenaars wat Siphokazi in haar musiek beïnvloed het. (2)

14.5 In watter musiekgenre sing Siphokazi? (1)

14.6 Buiten '*Ubuntu Bam'*, noem nog DRIE musiekalbums van Siphokazi. (3)
[11]

TOTAAL AFDELING C: 50

AFDELING D: VISUELE KUNSTE

VRAAG 15: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Kies die korrekte antwoorde vir elkeen vanuit die gegewe antwoorde hieronder. Skryf slegs die letter (A–D) van die antwoord (15.1–15.10) langs die nommer van die vraag, bv. 15.11 E.

15.1 Die manier hoe voorwerpe in verhouding tot mekaar vertoon word, ten opsigte van grote, vorm, ens., is…

A proporsie.
B gebaar.
C skets.
D skildery. (1)

15.2 Die lyn wat die land van die see skei staan bekend as …

A vertikaal.
B horisontaal.
C diagonaal.
D sigsag. (1)

15.3 As jy die gevoel van somer in jou prent wil hê, moet jy … kleure gebruik.

A koel
B donker
C warm
D primêre (1)

15.4 … is geskep deur herhaling en energieke lyne.

A Balans
B Spasie
C Lyn
D Ritme (1)

15.5 Bruin, grys en swart is bekend as … kleure.

A pastel
B primêre
C neutrale
D komplementêre (1)

15.6 … is wat jou oog na ʼn spesifieke kunswerk trek.

A Spasie
B Fokale punt
C Proporsie
D Kontras (1)

15.7 Beeldhoukuns is ʼn kunswerk wat ...-dimensioneel is.

A een
B twee
C drie
D vier (1)

15.8 ʼn Kunswerk wat geskep word deur stukkies materiaal soos papier of lap op ʼn plat oppervlak te gom word .. genoem.

A ʼn skildery
B ʼn collage
C beeldhoukuns
D ʼn knyppot (1)

15.9 Voorwerpe wat in die middel van die kunswerk is, word die … genoem.

A voorgrond
B middelgrond
C agtergrond
D horison (1)

15.10 Media bestaan uit …

A enige middel wat ʼn kunstenaar gebruik om ʼn kunswerk te skep.
B verf.
C kryt.
D al die bogenoemdes. (1)

[10]

VRAAG 16

Paar KOLOM A met KOLOM B. Skryf slegs die korrekte letter langs die vraagnommer, bv. 16.6 F.

	KOLOM A		**KOLOM B**
16.1	Die ligtheid of donkerte van ʼn area in terme van swart of wit	A	Waarde
16.2	Materiaal of tegniek waarmee ʼn kunstenaar werk is gewoonlik vloeibaar of semi-vloeibaar	B	Simbool
16.3	Die ligtheid of donkerte van ʼn lyn, vorm of area in terme van swart of wit	C	Negatiewe Spasie
16.4	In ʼn skildery of beeldhoukuns, is die areas waar daar geen vorme is (die “leë areas”)	D	Medium
16.5	ʼn Vorm, beeld, of voorwerp wat iets uitbeeld wat anders is waarmee dit gewoonlik geassosieer is	E	Toon

(5 x 1) **[5]**

VRAAG 17

Studente besinning - ope reaksie

17.1 Verduidelik hoe die elemente en beginsels van kuns in die prent hierbo gebruik word in terme van:.

17.1.1 Lyn (2)

17.1.2 Balans (2)

17.1.3 Ritme (2)

17.2 Is jy van mening die kunswerk suksesvol is? Waarom? (2)

17.3 As jy meer tyd gehad het, watter veranderinge sou jy in hierdie samestelling aanbring? (2)

17.4 Verbeel jy is die stigter en CEO van ŉ maatskappy. Ontwerp ŉ LOGO om jou maatskappy te verteenwoordig. Jy moet skeppend en oorspronklik wees in jou ontwerp. Gebruik AANHEGSEL B. Plaas AANHEGSEL B in jou ANTWOORDEBOEK. (15)

[25]

VRAAG 18

Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae wat volg.

Lucky Mosa Khuzwayo



Lucky Mosa Khuzwayo is gebore op 1988, en het ʼn B.Tech in Die Skone Kunste en Toegepaste Kunste in 2010 verwerf. Huidiglik studeer hy vir ʼn Meestersgraad in die Visuele Kunste.
Hy het deelgeneem aan prestige kuns uitstallings, insluitend die PPC-YCSA (2010), Absa L'artelier (2011), Arts Alive (2009–2012). Hy gebruik sy primêre kuns tyd vir ʼn aantal gemeenskap kuns projekte in en rondom die hoofstad van die Tshwane Metro. In sy werke, kyk hy na sosiale vraagstukke binne die konteks van liminale spasie as verval.

Voorwerpe word gebruik as ʼn metafoor om die liggaam as sentrale verbintenis tussen hemel en aarde. In hierdie verband, is die onderwerp objektiveer deur gebruik te maak van gewone voorwerpe wat gebruik is of verwaarloos is in die alledaagse lewe. "Die kernaspekte wat my interesseer is water, natuur, armoede, gestremdheid en identiteit. Die aspekte moedig eenheid, of verdeling in die gemeenskap. Eintlik wil ek bevraagteken, vernietig en realiteit dekonstrueer."

"Soos ek die bekwaamheid bemeester het om met beton en gevonde voorwerpe te werk, ek het begin werk met beton, klei, gevonde voorwerpe, staal en hout tesame met die liggaam as simbool van vernietiging in transisie. Voorwerpe en die afwesigheid van spasie genereer die afwesigheid in die hede as gevolg van die herfrasering van die Verlede, Huidige, en Toekoms as een. Ek gebruik roes om die verganklike te verteenwoordig as vorm van simboliek van die verlede, en die huidige of toekoms as ʼn bedreiging vir die generasie wat nog kom."

Lees die bostaande artikel en skryf ʼn kort beskrywing van die kunstenaar, onder die volgende afdelings:

18.1 Beskryf die kunstenaar se loopbaan en verskaf sy geboortedatum (3)

18.2 Sy betrokkenheid met die kunswêreld (3)

18.3 Watter materiale hy vir sy skilderye gebruik (2)

18.4 Wat het sy werk beïnvloed (2)
[10]

TOTAAL AFDELING D: 50
GROOTTOTAAL: 100

AANHEGSEL A (Vir die beantwoording van VRAE 11, 12 en 13. Hierdie moet in jou antwoordeboek geplaas word.)

VRAAG 11 **NAAM: _____**

11.1 Skryf die korrekte tydsoortteken vir die onderstaande toonsoorte.



(5 x 1) (5)

11.2 Skryf Bb majeur in 'n afwaartse rigting in die bassleutel. Maak gebruik van die gegewe ritme. Vul in die fraseboë sowel as die toevallige tekens waar nodig.



(2 x 2) **[4]**

VRAAG 12

12.1 Transkribeer die volgende melodie van balknotasie na tonika-solfa.



(8)

12.2 Noem die toonaard vir bogenoemde. ANTWOORD: _____ (2)

[10]

VRAAG 13

Verskaf die nommer van elk van die harmoniese intervalle. Die laagste noot is die tonika. (Die eerste antwoord word as 'n voorbeeld gegee.)



(5 x 2) **[10]**

AANHEGSEL B (Vir die beantwoording van VRAAG 17. Hierdie moet in jou antwoordeboek geplaas word.)

NAAM: _____

MANUSKRIP PAPIER VIR AFDELING C: MUSIEK

Kopiereg voorbehou